

Press release – March 5, 2018

Clean bill of health for SA deciduous fruit

The source of the ‘worst outbreak’ of listeria in South Africa was confirmed yesterday by health minister Dr Aaron Motsoaledi, as coming from processed meat plants in Polokwane and Germiston.

Hortgro, the organisation representing the deciduous fruit industry, believes it is a relief that the source has been found. The deciduous fruit industry reiterates its previous statement that there is no connection between deciduous fruit and the listeria outbreak.

“Our products have always been grown, handled and packed under strict internationally-acknowledged food safety protocols and conditions. A recent member-survey about facilities and products tested confirmed this,” said Jacques du Preez, general manager for trade and markets at Hortgro.

According to Du Preez, the industry takes food safety very seriously and in light of the outbreak, Hortgro urged packhouses and producers to undertake extra-precautionary measures and do extra testing on fresh fruit. So far, there were no positive listeria results reported.

“According to our knowledge listeria has never been found on fresh South African stone or pome fruit. South Africa has an outstanding reputation as a credible and reliable source of safe and excellent quality fresh fruit.”

Persverklaring – 5 Maart 2018

Sagtevrugtebedryf ‘gesond’

Die bron van die 'ergste uitbreking' van listeriose in Suid-Afrika, is gister as afkomstig van vleisverwerkingsaanlegte in Polokwane en Germiston deur dr. Aaron Motsoaledi, minister van gesondheid, bevestig.

Hortgro, die organisasie wat die sagtevrugtebedryf verteenwoordig, meen dit is 'n verligting dat die bron gevind is. Die sagtevrugtebedryf het wéér klem daarop geplaas dat daar geen verband tussen vars sagtevrugte en die listeriose-uitbreking bestaan nie.

“Ons produkte is nog altyd geproduseer en verpak onder streng internasionaal-erkende voedselveiligheidsregulasies- en protokolle. ’n Onlangse opname onder ons lede en pakhuse wat produkte getoets het dit bevestig,” het Jacques du Preez, hoofbestuurder van handel en markte by Hortgro, gesê.

Volgens Du Preez neem die sagtevrugtebedryf voedselveiligheid as ’n baie ernstig op. Sedert die listeriose uitbreking, het Hortgro pakhuse en produsente aangemoedig om ekstra voorsorgmaatreëls te tref en meer gereeld toetse op vars vrugte te doen. Sover is geen listeriose op sagtevrugte gevind nie.

“Volgens ons kennis is listeriose nog nooit op vars Suid-Afrikaanse steen- of kernvrugte gevind nie. Suid-Afrika het ’n uitmuntende reputasie as ’n betroubare bron van veilige en uitstekende gehalte vars vrugte.”